Die Patriarg Abraham

Weer die Boek Génesis, die 22ste hoofstuk, vanaf die 15de vers, en ons verwag nou om net vir 'n paar oomblikke te praat en die diens te begin. Génesis 22, vanaf die 15de vers.

> *Toe roep die Engel van die Here vir die tweede keer na Abraham van die hemel af*
>
> *en sê: Ek sweer by Myself, spreek die Here, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,*
>
> *dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die* poorte *van sy* vyand *in besit neem.*
>
> *En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.*

2 Watter belofte, as gevolg van gehoorsaamheid! Gehoorsaamheid is wat God wil hê. Daar is eenmaal gesê: "Gehoorsaamheid is beter as offerhande." Om die Here te gehoorsaam, is beter as enige offerhande wat jy sou kon maak.

3 Ons staan nou voor 'n grootse teks, vanaand: *Die Aartsvader Abraham*, wat genoem is "die vader van die Geloof," omdat God hom die belofte gemaak het om die aarde te beërwe, en sy Saad. En dis deur Abraham dat ons, wat in Christus dood is, Abraham se Saad word en met Hom erfgename is volgens die belofte.

4 Nou, Abraham was maar net 'n gewone mens, was nie iets besonders nie. God het hom nooit geroep, sover as ons enige rekord het, voordat hy vyf-en-sewentig jaar oud was nie. Sy vrou, wat sy half-suster was, was toe vyf-en-sestig jaar oud, hulle het waarskynlik saamgelewe sedert hulle baie jonk was. En sy was onvrugbaar, en het geen kinders gehad nie. God het 'n volkome afsondering gevra, om homself van die res van die wêreld af te sonder, en van al sy mense, en van al sy familie. Daar was iets spesiaals wat hy moes doen.

5 En wanneer God van jou verwag om iets spesiaals te doen, vereis Hy 'n volkome afsondering van enige twyfel. Jy moet tot volle gehoorsaamheid kom, om te gehoorsaam wat Hy sê. God vereis dit. Jy kan dit op geen ander manier doen nie. En, nou, Hy stel altyd 'n voorbeeld, en dit was Sy voorbeeld, van 'n volkome afsondering van al sy familie, al sy familie, ensovoorts, om 'n lewe afgesonderd vir God te bewandel.

6 Jare het verbygegaan, niks het gebeur nie, maar steeds het Abraham volhard. Hy is nie ontmoedig nie. "Hy het nie deur ongeloof aan die beloftes van God getwyfel nie, maar was sterk, het eer aan God gegee."

7 Jaar na jaar, soos dit verbygegaan het, het die kritici ongetwyfeld verbygekom en gesê: "Abraham, vader van nasies, hoeveel kinders het jy nou?" Dit het hom nie laat steier nie. Geen kind nie, en Sara was verby die tyd van die lewe, van kinders voortbring, want, ver verby die menopouse, maar steeds het Abraham God nogtans geglo. Hy het voorbereidings gemaak vir die baba, want hy het geweet en was volkome oortuig dat God nie 'n belofte kon maak wat Hy nie groot genoeg was om gestand te doen nie.

8 Sy Saad behoort net so te dink. Ongeag hoe onwerklik dit lyk, hoe onnatuurlik dit vir die natuurlike verstand lyk, tog kan God nie 'n belofte maak wat Hy nie groot genoeg is om na te kom nie. Ons glo vandag daardie dieselfde ding. Elke ware Saad van Abraham glo dieselfde ding. Ongeag onder watter omstandighede, hoeveel kennis ons versamel het, hoeveel dinge gebeur het, hoe onnatuurlik dit vir die natuurlike verstand is, hoe dwaas dit is, liewer, vir die natuurlike verstand, dit maak nie 'n greintjie verskil nie. As God so gesê het, is dit dit. En die Saad van Abraham berus by SO SPREEK DIE HERE. Dit handel dit af.

9 Ons vind uit, teen vyf—en—twintig jaar later, geen kinders nie. En steeds was God getrou om Sy belofte aan Abraham te hou, want Abraham het God geglo. Die seuntjie het op die toneel verskyn, klein Isak.

10 Toe nadat klein Isak op die toneel verskyn het, toe vind ons uit dat God hom 'n dubbele toets gegee het. Hy het gesê: "Hierdie kind . . . " Na hy nou omtrent honderd-en-vyftien jaar oud was, of twintig, was Abraham. Hy het gesê: "Ek wil hê jy moet hierdie, jou enigste seun, neem, en neem hom na die berg toe wat Ek jou sal wys, en offer hom daar op, bo—op hierdie berg, as 'n offerhande." Met ander woorde, vernietig al die getuienis wat hy gehad het dat die belofte vervul sou word. Dis die wegneem van al die natuurlike dinge.

11 En Abraham het gesê: "Ek het hom ontvang soos een wat uit die dood opgewek is. En ek is ten volle oortuig dat Hy in staat is om hom uit die dood op te wek."

12 Dis die mense nou die Saad van Abraham, want Hy het ons uit die dood opgewek. Ons was dood in sonde en oortredinge. En Hy wat in staat was om my gemoed te verander, my gedagtes te verander, my geaardheid te verander, my geheel en al te verander, Hy kan doen wat Hy goedvind. Wat Hy ook al sê, ek glo dis die Waarheid, en elke Saad van Abraham glo dieselfde ding.

13 Abraham, nie ongehoorsaam teenoor God nie, het die seuntjie geneem. En op hierdie môre, vir die diensknegte gesê: "Wag julle hier met die muile. En ek en die seun sal soontoe gaan om te aanbid, en ek en hy sal terugkom." O, hoe gaan hy dit regkry? As hy opgaan na die top van die berg, om sy eie seun se lewe te neem, tog sê hy: "Die kind, ek en die knaap sal terugkom." Hy het geweet dat iets moes gebeur. En hy het nie geweet net hoe God dit gaan doen nie; dit is nie sy probleem nie. Hy weet dat God dit belowe het.

14 Dis al wat ons nodig het om te weet, God het dit belowe! Hoe dit gaan wees? Ek kan julle nie sê nie. Maar God het so gesê! Hy sal Jesus Christus stuur, die tweede keer, Hy sal in 'n fisiese vorm kom. Hy sal Sy Eie opeis. Daar sal eenduisend jaar, millennium—heerskappy op hierdie aarde wees, saam met Hom, saam met die verlostes. Dis wat Hy beloof het, en ons sien uit na daardie uur om aan te breek.

15 Hy het beloof om die siekes te genees, die dooies op te wek, duiwels uit te dryf. Hy het belowe om dit te doen. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hoe? Ek weet nie. Hy het belowe om dit te doen! Ons glo dit; dit handel dit af. Wanneer 'n mens God glo, glo hy alles wat Hy sê.

16 En dis die wyse waarop Abraham God geglo het. Nou is hy gevra om elke getuienis te vernietig dat Sy belofte nagekom sou word, maar hy was oortuig dat God dit kon doen.

17 Nou, nie alleen het Hy hierdie groot belofte gegee nie, Hy gee dit aan sy Saad ook. En omdat Abraham getrou was, en die—die Woord van God wat God hom belowe het, gehou het, en het geweet dat God hierdie kind kon opwek. En hy het nie sy eie kind gespaar nie; maar (God) was 'n tipe van God wat Sy Seun gee, natuurlik; soos hy die hout teen die berg opgedra het, ensovoorts; soos Christus later Sy Eie offerblok gedra het, teen die heuwel op, tot waar Hy gekruisig is.

18 Ons besef dat hierin, deur dit te doen, het dit God so behaag om te sien dat Abraham Hom bo alles op aarde liefgehad het, selfs sy enigste seun. Hy het Hom liefgehad bo wat enigeen kon sê, enigeen kon doen, hy het God steeds genoeg liefgehad om Sy Woord te glo.

19 Al Abraham se Saad glo God so. Hulle glo God. En ons weet dat dit God so behaag het dat, hier is wat Hy gesê het: "Jou Saad sal die poorte van sy vyand in besit neem. Jou Saad sal die poorte van sy vyand in besit neem." Onthou, dis SO SPREEK DIE HERE. Abraham se Saad glo dit. As jy egte Saad van Abraham is, is die geloof wat Abraham in God gehad het, dis in jou. En jy glo, dat wat God gesê het, God hou Sy belofte.

20 En Hy het dit gesê, nou onthou, Hy het slegs hierdie belofte aan Abraham gemaak nadat Hy hom 'n toets gegee het. Die Saad van Abraham moet eers getoets word, om te sien of hulle

werklik die Woord glo. Onthou, die enigste wyse waarop hy die belofte van God kon hou, omdat hy die belofte van God geglo het, en is getoets of hy Dit geglo het of nie.

21 Ons word na daardie toets gebring. Die Saad van Abraham word, vandag, na daardie toets gebring. Sal ons God se Woord neem, of neem ons wat die mens Daaroor gesê het? Sal ons neem wat een of ander organisasie as 'n belydenis opgemaak het, en dit aanvaar, of neem ons wat God gesê het? As God se Woord waar is, glo ons God se Woord, ongeag wat enigiets anders is. Ons laat elke mens se woord 'n leuen wees, en God s'n die Waarheid wees. Die ware Saad van Abraham! Maar voor jy daardie ware Saad kan word, moet jy deur die toets gaan, soos Abraham moes, self. Hy het belowe nie net aan Abraham nie, maar sy Saad sal die vyande se poorte in besit neem. O, goeiste!

22 Dink net, die aartsvader was ten volle oortuig daarvan, in sy toets van die belofte van die Woord van God, was reg. Ongeag van wat die omstandighede was, hy het steeds geglo die Woord is reg. Die Abraham, die groot aartsvader, het nooit in geloof geweifel, toe hy voor daardie toetstyd gebring is nie. Hy het geglo dat God in staat was om hom uit die dood op te wek. Hy het dit geglo, want God het die belofte gemaak. En toe God 'n belofte gemaak het dat hy "die vader van nasies" sou wees, en het hy geglo dat dit so is. Hy het nie geweet hoe dit sou wees nie. Toe die baba gekom het, nadat hy vertrou het, vyf-en-twintig jaar, toe gevra is om die baba te vernietig, het hy steeds geweet dat God se belofte waar is, en het hy sy seun gegee.

23 Sy Saad, dieselfde ding! Die belofte van God is die seël, vir hulle wat die Saad van Abraham is. Die belofte is 'n seël, 'n ondertekende bewys. En wanneer ons elke beloofde Woord glo, dan word die seël aan ons gegee, om die belofte mee te bevestig. Sien, as ons—as ons, synde die Saad van Abraham, gaan ons deur die toets of ons die Bybel gaan glo, of nie. Die Bybel is die Woord van God, want Dit is God. En dan nadat jy deur die toets gegaan het, om te glo.

24 Wanneer sommige van hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby." As jy dit aanvaar, dis teenstrydig met die Woord.

25 As jy sê: "Jy ontvang nie vandag die Heilige Gees nie. Daar is nie so—iets nie. Net die twaalf apostels het Dit ontvang."

26 Die Woord het gesê, Petrus het Dit op die Pinksterdag verkondig, hy het gesê: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is vir julle, en vir julle kinders, en vir hulle wat ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep.

27 Dis net presies wat Dit beteken. Dis, nou as jy gereed is om die toets te ondergaan, van God se suurtoets, en daardie

voorskrif te volg, ek sê vir jou, jy sal uitvind dat God Sy Woord hou, as jy Dit sal glo. Dis reg. Maar jy moet daardeur gaan, want dis die seël; wanneer jy Dit kan ontvang, dan sal jy die belofte ontvang. Want Dis God se voorskrif, die wyse waarop ons dit behoort te doen, en dis die wyse waarop ons Dit moet volg, net wat Hy gesê het. Nou nie net aan sommige nie, maar "wie ook al," wie ook al glo, wie ook al bekeer, wie ook al glo. Dis vir alle geslagte, vir alle mense, wie ook al Dit wil glo. En geloof in God se Woord bring jou by hierdie belofte. Dan, en slegs dan, kan jy die krag hê om die seël van die belofte te besit.

28 En die belofte wat ons ontvang, die seël, is die doop van die Heilige Gees. Dis reg. Want dit is God in die vorm van Gees, jy wat Sy Woord in jou is, dan kom Hy in. As jy die Woord in jou ontvang, die Heilige Gees is die enigste ding wat dit kan laat lewe, en dan het jy die belofte van die in besit neem van die poort van elke vyand wat jou probeer aanval. Dis reg. God het dit belowe, en dis so.

29 Nou, onthou, jy kan dit slegs dan doen, en dan alleen, nadat jy deur die Woord getoets is.

30 Abraham is deur die Woord getoets. "Sal jy glo, Abraham, dat jy die seun sal hê?"

"Ja."

31 Die seun het gekom. "Vernietig hom nou. Glo jy dit steeds, Abraham?"

32 "Ek glo dit, steeds, want U is in staat om hom uit die dood op te wek."

33 En daarna het Hy gesê: "Nou, jou Saad sal die poort van sy vyand in besit neem." Amen! Na die toets gekom het!

34 Laat ons sommige van die saad van Abraham nagaan, van die natuurlike saad. Waar, ons vandag die geestelike Saad is. Maar laat ons uitvind, deur die natuurlike saad, van sommige van hulle wat die volle belofte van God geglo het, en nooit ver-. . . [Leë kol op band—Red.]

35 Ek het gesê: "Terloops, waarvoor wil 'n Christelike meisie haar onderrok wys? Ek kan dit nie verstaan nie."

36 Jy is wedergebore, deur God, jy het die skoonheid van die Heilige Gees om te toon dat wat jy is, is jy. Jy het deug wat hierdie skandaalrompe nie het nie. Dis reg. 'n Werklike vrou van God, wat uitstaan in deug, jy mag uitgelag word, en oudmodies genoem word; maar jy het iets wat hulle nie kan bereik nie, en verloor het en dit nooit weer kan hê nie. Dis reg. Jy het deug. Dis waarna God soek, is deug. Sien?

37 Maar ten eerste, as daar 'n vraag in jou gemoed is, moet dit glad nie doen nie. Moenie in 'n gebedsry kom as daar 'n vraag

in jou gemoed is nie. Moenie kom tensy jy dit absoluut glo, nadruklik nie, daar nie ’n huiwering in jou gemoed is nie, glad nie, dat jy genees gaan word, dan sal jy van hierdie platvorm afgaan ’n gesonde persoon. Dis reg, wanneer daar nie ’n vraag in jou gemoed is nie, glad nie. Jy moet God glo, nie skynglo nie. Regtig glo!

38 En die Saad van Abraham glo dit omdat die Woord so gesê het, en dis waarom ons dit glo. Nie omdat iemand gekritiseer het, omdat iemand anders so gesê het nie. Omdat God so gesê het, dit maak dit die Waarheid. As God dit sê, handel dit alle vrae af. Hy is die laaste woord. Hy is die uiterste. As God iets sê, handel dit dit af. Daar is niks anders wat Daarteen kan praat nie. “Laat elke mens se woord ’n leuen wees, en Myne die Waarheid wees.”

39 Nou soos ons sommige van hierdie saad nagaan, laat ons dink. Ons dink aan die Hebreeuse kinders, het ek hier, daaraan gedink, aan die Hebreeuse kinders, nadat hulle getoets is teenoor beeld—aanbidding. Nou, onthou julle, die koning het gesê: “Wie ook al nie wil neerbuig voor hierdie beeld nie, sal in die vuuroond gegooi word.” Nou, hierdie kinders het geglo dat God se Woord reg is, dat hulle nie enige soort beeld moet aanbid nie, maar toe het hulle by die konfrontasie gekom en is hulle getoets of hulle sou.

40 Toe, al die res van die kinders daar ontvang het en na die aanbidding gegaan het, het hulle net voortgegaan op die wyse wat die koning gesê het. Hulle het met die populêre gedagte van die dag saamgegaan, dat hulle dit moes doen.

41 En toe hulle getoets is, of hulle beelde sou aanbid en die Woord van God verbreek, het hulle aan die Woord getrou gebly. Ongeag die omstandighede, het hulle aan die Woord getrou gebly. En toe hulle hul in die vuuroond gegooi het, is God se belofte vervul. Hulle het die poorte van hulle vyand in besit geneem. En daar het ’n vierde Man daarbinne gestaan, met ’n sleutel wat die hitte van die vuur ontsluit het, en dit kon niks anders doen as hulle maar net vrystel nie. Amen.

42 Wanneer ’n man of ’n vrou gereed is om die toets te ondergaan, die suurtoets!

43 Sien julle, hulle moes in die vuur ingaan. En toe hulle het, was hulle in die vuur, en al wat gebeur het, hierdie vurige toets het net ontsluit, die—die bande van hulle hande afgehaal.

44 Baiekeer, laat God ons, wanneer ons verbonde raak met die wêreld, vasgebind, laat Hy die vurige toets oor ons kom, waar ons ’n besluit moet neem. En wanneer ons dit doen, al ding wat die toets kan doen, wanneer ’n werklike Saad van Abraham by die—die kruispad van ’n beslissing staan, en hy neem sy besluit om God te dien, kan dit net die bande lossny en ons vrymaak.

Satan kan jou 'n siekte gee. Hy kan jou die een of die ander ding gee. Hoe weet jy dis nie God wat jou by die kruispad kry, om te sien watter soort van 'n—'n—'n besluit jy sal neem nie?

45 Hulle het die poort van die vuur in besit geneem. Die vuur kon hulle nie brand nie. Daar was nie eens 'n reuk van brand aan hulle nie, want hulle het geweet dat hulle die Saad van Abraham was, en hulle het vir God en Sy Woord gestaan. Hulle het die—die poorte van die vyand in besit geneem, en die vuur kon hulle nie brand nie, want hulle het die poorte in besit geneem.

46 Later was daar 'n man, 'n profeet daar, met die naam Daniël. Hy sou. . .het die toets ondergaan of hy een ware God sou dien, of nie. En toe daardie tyd aangebreek het, of hy een ware God sou dien, of 'n heidense God sou aanbid, het hy geweier om dit te doen; en het die blindings laat opgaan, en tot sy God gebid, elke dag. En hy is as gevolg daarvan gevat, deur 'n straf van die federale wette, en is in 'n leeukuil gegooi. 'n Klomp honger leeus het agter hom aan gebrul. Wat het hy gedoen? Hy het die poort van sy vyand in besit geneem. Die leeus kon hom nie eet nie. God het 'n Vuurkolom afgestuur, 'n Engel wat tussen hom en die leeu gestaan het.

47 Hy het die poort van die vyand in besit geneem, omdat hy getoets is om te sien of hy een ware God sou aanbid, of 'n dosyn heidense gode sou hê wat hy aanbid. Toe het hy die toets deurstaan, en hy het die poort van die vyand in besit geneem. Die leeu kon hom nie eens aanraak nie, omdat God met hom was. God se belofte het waar gebly, want hy was 'n ware Saad van Abraham.

48 Moses, o, nog 'n grote. Hy is ook getoets, om die belofte te sien wat God hom gee. "Ek sal met jou wees wanneer jy daarheen gaan." En toe hy voor die nabootsers van sy gawe gestaan het, Jannes en Jambres het opgestaan en die einste ding wat Moses opgedra is om te dien, probeer naboots. En God het hom geroep, en hy het geweet dat hy die een is wat opdrag gegee is om dit te doen, en hy het daar gestaan en die wonderwerk verrig soos God hom gesê het om dit te doen. En hier het die nabootsers gestaan, om dieselfde ding te doen, maar dit het Moses nie gepla nie. Hy het getrou by die Woord van God gestaan, en hy het die poorte in besit geneem, amen, van die vyand, omdat hy getrou gestaan het by die belofte van God, maak nie saak wie dit probeer naboots het nie.

49 Watter les is dit nie vir elke Christen nie! Wanneer jy rondkyk en 'n skynheilige sien, onthou jy maar net hy het probeer om die egte artikel na te boots. Maar, dit beteken maar net daar is een wat eg is. Staan getrou by die Woord van God! Maak nie saak wat kom of gaan nie, hou by Sy belofte. Ja, Daniël het getrou gebly aan die Woord van God.

50 Maak nie saak hoeveel hom probeer naboots het nie, en wat nog, hy het getrou gebly. En hy het vir 'n doel gekom, om Israel uit Egipte uit te neem, en om hulle in die beloofde land in te neem. En toe dit tyd geword het vir hulle om in die beloofde land in te gaan, uit Egipte uit, daar het die Dooie See in die pad gestaan. En hy het die poorte van die water in besit geneem, en die poorte het oopgevlieg. En die—die waters het teruggetrek, en Moses het Israel in die wildernis ingeneem, na die berg waarheen God hom opdrag gegee het om hulle te bring. Amen. Hy het die poorte van die vyand in besit geneem.

51 Sy vader, Abraham, het daardie belofte gehad, dat sy ware Saad die poort van die vyand in besit sou neem. En die poorte van die water was gesluit, en hy kon nie deurkom nie, en dit was die pad van die plig. Hy was veronderstel om daardie kinders na daardie berg te bring. God het hom so gesê. En daar het die poort in die pad gestaan, en hy het die poort van die vyand in besit geneem.

52 Josua, 'n bietjie later, toe hulle by Kades—Barnea gekom het, wat die oordeelstroon van die wêreld op daardie tyd was, daar het Israel sy oordeel teengekom. Ons vind Josua met Kaleb, en twaalf ander. . . of—of tien ander. Een uit elke stam is oorgestuur om die land te bespied wat hulle gereed was om te ontvang.

53 En toe hulle daardie groot reuse daar sien staan het, het tien van hulle so sleg gevoel, hulle het gesê: "Ons kan dit nie inneem nie. Dis te groot. Wel, kyk net na die teenstand wat ons het." Maar toe hulle teruggekom het om verslag te doen, het hulle 'n slegte verslag gebring.

54 Waarom sou hulle 'n slegte verslag bring, as God vir hulle gesê het: "Ek het julle daardie land gegee; dis julle s'n"? Hy het vir hulle daar in Egipte gesê. "Ek het vir julle hierdie land gegee. Dis 'n goeie land. Dit vloei van melk en heuning."

55 Maar toe hulle gesien het die teenstand is so groot, het tien van hulle teruggekom en gesê: "Ons kan dit nie doen nie."

56 Dit was Josua, hy het die mense stilgemaak, en het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in besit te neem. Ons is meer as in staat!" Waarom? Hy het na die belofte gekyk. Hy was 'n ware Saad van Abraham. Ongeag wat die teenstand was: "Ons kan die poort in besit neem, omdat God die land beloof het." En hy het die poort in besit geneem.

57 Lateraan, toe hy die kinders van Israel afgebring het na die rivier toe. Daar gestaan in Aprilmaand, die groot rivier, wat styg. Die Jordaan wat uit die berge afkom, en sy is verspreid oor die vlaktes. Het gelyk na die slegste tyd van die jaar, wat hy daar kon wees. Maar, tog, hy was Abraham se Saad. Hy het geweet hy het 'n belofte, en hy was in die lyn van plig. God het hom 'n visioen gegee, hoe om dit te doen, en hy het die

poorte van die rivier in besit geneem. Toe die poorte oopgevlieg het, het die water teruggestoot tot reg in die berge. En Josua en Israel het die poorte van die vyand in besit geneem, en oorgegaan in die beloofde land in, omdat God vir hulle gesê het om dit te doen. Ware Saad van Abraham!

58 Broers en susters, toe hy daar aangekom het, was Jerigo heel ommuur, hoog genoeg dat hulle drie strydwaens bo—oor kon laat loop. Hoe sou hierdie Israeliete dit kon doen met geleende, opgetelde swaarde, en alles, en stokke en klippe, hoe sou hulle daar kon ingaan? Maar hy was steeds die Saad van Abraham. God het hom 'n visioen gegee, het hom gesê hoe om dit te doen, het gesê: "Laat 'n basuin weerklink." Amen. Dit reg. "Gee 'n kreet, marsjeer na die muur toe, die poorte sal voor jou val." Amen! Hy was 'n koninklike Saad van Abraham. Hy was God se ware gelowige. "Die poorte sal voor jou instort. Gee maar net 'n kreet, en laat die basuin weerklink. Dis al wat jy hoef te doen." En wat het gebeur? Die poorte het ingestort, en Josua het die stad ingeneem.

59 'n Bietjie later vind ons uit dat die vyand verslaan is en aangegaan het, daarna, en Hy het selfs die son in sy spore laat stilstaan. Soos ek nou die oggend gesê het, oor die *Paradoks*, Hy het die son laat stilstaan totdat hy die poorte van sy vyand in besit geneem het. Amen. Hy het geweet as daardie vyand ooit weer bymekaar gekom het, hulle is uiteengejaag, en die son was aan die sak, en Amoriete, en die Amalekiete, ensovoorts, was behoorlik uitmekaargejaag. As hulle ooit weer saamstaan, en bymekaar kom, dan sal hy swaarkry om hulle ooit weer op die vlug te laat slaan. En daar was net een ding wat verhinder het, dit was tyd. En Hy het tyd laat stilstaan. Amen! Amen! Daar's een ding wat hom van die belofte weghou, dis die son, die natuur self wat in die pad is, en Hy het die natuur laat stilstaan. Waarom? Hy was 'n Saad van Abraham. Hy het God se belofte geglo. Hy het hom laat stilstaan, en het die poorte in besit geneem. Ja, meneer.

60 Hierdie groot manne, hulle is almal groot manne. Maar weet julle, toe hulle, elkeen van hulle, toe hulle by die poort van die dood kom, het hulle almal gesterf. Elkeen van hulle moes sterf. Omdat hulle groot manne was: "Het hulle die—die bek van die leeus toegestop, en aan die vuur ontsnap, en die skerpte van die swaard," ensovoorts, soos vir ons in Hebreërs 11 gesê word. En hulle het die poorte van die vyand in besit geneem, almal behalwe een vyand, en dit was die dood. Die dood het elkeen van hulle verswelg.

61 Toe eendag, het die Koninklike Saad van Abraham aangekom, Jesus Christus, die Seun van God; Abraham se Saad, deur die geloof. Nie deur Isak, die natuurlike saad nie; hulle het hulle deel gedoen. Maar hier het Een gekom Wat

nie natuurlik gebore is nie. Hier het Een gekom wat nooit deur seksdrang gekom het nie. Hier het Een deur maagdelike geboorte gekom. Die Seun van God, die Saad van Abraham, watter groot Man was dit nie! Ander natuurlikes is almal met natuurlike geboortes gebore. Hierdie Man is met 'n maagdelike geboorte gebore. Wat het Hy gedoen toe Hy op die aarde gekom het? Hy het elke vyand wat Satan gehad het, oorwin. Hy het alles oorwin.

62 Wat het Hy gedoen? Hy het uitgegaan en hy het siekte oorwin. Daar kon geen siekte om Hom heen wees nie; waar siekte ook was, het Hy dit oorwin. Wat het Hy gedoen nadat Hy dit oorwin het? Hy het ons die sleutels gegee, amen, gesê: "Wat julle ook al op aarde bind, sal Ek dit in die Hemel bind." O! Amen! Dis die Koninklike Saad van Abraham, Sy belofte. Die Heilige Gees nou in ons, met die sleutels, wat dit teen siekte hou. Hy het siekte oorwin. Siekte kan nie in Sy Teenwoordigheid standhou nie. En Hy het gesê dat Hy ons die sleutels gegee het om dieselfde ding te doen, siekte te oorwin. "Wat julle ook al op aarde bind, sal Ek in die Hemel bind."

63 Ook, versoeking, Hy is versoek op elke manier soos ons is. Wat het Hy gedoen? Hy het dit oorwin. En wat het Hy vir ons gesê? "Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug." Hy het siekte vir ons oorwin. Hy het versoeking vir ons oorwin, het die poorte afgebreek; het die sleutel van die versoeker weggeneem, en dit aan die gelowige oorhandig, van Abraham se Saad, en het gesê: "As hy julle versoek, weerstaan hom, en hy sal van julle af wegvlug." O, goeiste! Weerstaan hom!

64 Hy het beide dood en hel oorwin. Hy het op die derde dag opgestaan, gesê: "Ek het oorwin. En omdat Ek lewe, lewe julle ook." O, watter belofte! Dis aan die Saad van Abraham. Hy het die graf oorwin, opgestaan op die derde dag, vir ons regverdigmaking. Toe Hy opgestaan het, was Hy ons regverdiging. Wat maak dit ons? Hy het siekte oorwin. Hy het dood oorwin. Hy het die hel oorwin. Hy het die graf oorwin. Hy het versoeking oorwin. O!

65 "Nou is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad, en Sy Lewe vir ons gegee het," synde die Koninklike Saad van Abraham. Met dieselfde Gees van God in ons, as wat in Hom was, is ons meer as oorwinnaars. Elke poort is vir ons verower. Al wat ons moet doen, is dit in besit neem. Dis reeds verower. Siekte is oorwin. Dood is oorwin. Hel is oorwin. Die graf is oorwin. Alles is oorwin, en ons hou die sleutels, deur Sy genade. Is jy bevrees om hulle in die slot te steek, en te sê: "Ek kom in die Naam van Jesus Christus"? "Vra die Vader enigiets in My Naam." Ek het Hom lief.

66 Nadat tweeduisend jaar verby is, tweeduisend jaar, en steeds is Hy hier in ons midde, die magtige Oorwinnaar wat

die voorhangsel in twee geskeur het, wat elke siekte, elke kwaal, alles op Homself geneem het, en ons ongesteldhede na die kruis gedra het, en ons siektes en ons kwale, en oor hulle getriomfeer het, en opgestaan het vir ons regverdigmaking, en staan lewend na tweeduisend jaar, om Homself as 'n lewende Jesus Christus te manifesteer, onder die koninklike Saad van Abraham wat erfgename van alle dinge is. O, goeiste! Hulle wat daarna, deur die toets gaan, belofte van die Woord! As jy die Woord kan glo, dan is jy ook die Saad van Abraham. Dis hoe jy Daartoe kom.

67 As jy nie daardie Woord—toets kan deurstaan nie, as jy dan Daaraan twyfel, bietjie agterdogtig Daaroor, jy kan Dit kwalik glo, daar is een of ander iets, jy kan Dit nie glo nie, moet jy dan nie in die gebedsry kom nie. Ek sou nie eens om die altaar rondspeel, voordat jy nie genoeg genade kry om te weet dat God se Woord waar is nie.

68 En wanneer jy eenmaal deur daardie sluier van ongeloof breek, dan het jy die sleutels in jou hande, van dood, hel, en die graf, want jy het 'n Oorwinnaar Wat vir jou oorwin het. Dan het jy Hebreërs 13:8, wat vir ons sê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hoe kan ons dit doen?

69 Die mense sê vandag: "O, wel, ek sal jou sê, Hy is op 'n—'n sekere manier, is Hy."

"Hy is dieselfde," het die Bybel gesê.

"O, wel, Hy maak nie vandag soos Hy gemaak het nie."

70 Ons vind dit nou net, wanneer ons Sy Woord bevestig sien. Wat doen dit? Dit gooi Dit weer reg in hulle skoot terug. Amen.

71 Die regte Saad van Abraham glo Dit. Hulle weet Dit. En Hy staan, vanaand, soos Hy Abraham daar ontmoet het in die dae van Lot en daardie wonderwerk verrig het, soos Hy gedoen het deur vir Sara te sê wat sy agter Hom gesê het. Jesus het belowe, die Koninklike Saad van Abraham, dat die Kerk daardie selfde ding sal sien net voor Sy koms. Wat is dit? Dit moet gebeur. God het dit belowe. Jesus Christus het dit bevestig en het gesê dit sal so wees, en hier is ons vandag, na tweeduisend jaar, sien Hom in ons midde, steeds die magtige Oorwinnaar! Hy het dood, hel, graf, alle bygeloof oorwin; het die Woord geneem . . .?. . . haar. Ja.

72 Hy het gesê: "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra wat julle wil en dit sal aan julle gegee word." Wat is dit? Die Woord, Christus, Wat in jou hart is. "As julle in My bly, My Woorde in julle bly, dan het julle alles oorwin, want Ek het dit vir julle oorwin. As julle in My bly, as julle My kan verstaan, as julle in My kan bly. Hy wat My glo, wat My ontvang; nie net skynglo nie, maar My kan ontvang. Hy wat My Woorde hoor, My Woorde verstaan, en glo in Hom wat My gestuur het, het

ewigdurende Lewe; en sal nie in versoeking, of veroordeling kom nie, maar het uit die dood in die Lewe oorgegaan." Daar is Hy, die magtige Oorwinnaar!

73 Hier is Hy vandag, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hier tree Hy op voor die Saad van Abraham, wat uit Babilon uitgeroep is, uit Sodom uitgeroep is, uit die wêreld uitgeroep is, en afgesonder, toon Sy belofte net regdeur. Na tweeduisend jaar, hier staan Hy in ons midde, vanaand, daardie magtige Oorwinnaar, die Woord van God Wie die gedagtes kan onderskei wat in die hart is, en die bedoelinge daarvan. Wat is dit? "U Saad sal die poorte van sy vyand in besit neem." Wat is dit? Dis die Saad van Abraham, die koninklike Saad, wat die Woord glo. En die Woord is—die Woord is God.

74 Nou wanneer ons dit sien, kan ons saam met hulle uitskree, soos die digter van ouds.

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het
Hy my gered;
Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
Opgestaan, het Hy vrylik vergewe vir altyd;
Eendag kom Hy, O glorieryke dag!

75 Iemand het gesê: "Jy word oud, kêrel." Ek kan dit nie verhelp nie.

76 Ek het gelewe vandat ek 'n klein seuntjie was, my enigste prestasie wat ek ooit behaal het is om Jesus Christus se Koms te sien. Ek het my lewe aan daardie doel gewy. Ek is steeds op die preekstoel, as 'n ou man, glo ek dieselfde Storie, en die grootste ding waaraan ek kan dink is om Jesus Christus uit die hemele te sien kom om Sy Eie te ontvang. God, dan my . . . Geen wonder nie ons kan sing:

Vereer die Naam van Jesus!
Voor Hom val Eng'le neer;
Bring uit die koninklike kroon,
En bekroon Hom almal se Heer.

77 Waarom? Hy is die magtige Oorwinnaar. As jy in Hom is, is jy in die Woord. Hy het gesê: "As julle in My bly, vra wat julle wil." "Wat julle wil," want elke poort is alreeds oorwin. Dan kan ons sê:

Want elke belofte in die Boek is myn,
Elke hoofstuk, elke vers, en lyn;
Ek vertrou in Sy goddelike Woord,
Want elke belofte in die Boek is myn.

78 Vriende, besef julle wat dit beteken? Elke belofte wat God vir Abraham gemaak het, elke belofte wat deur die profete uitgespreek is, elke belofte wat Jesus Christus vir hierdie dag belowe het, Hy is hier om dit te bevestig en te toon dat Hy vir ewig leef. "U Saad sal die poort van die vyande in besit neem."

79 Wanneer dit daar by die uur van die dood kom. Julle sê: "Wat daarvan?" Jy het steeds daardie Besitting wat Paulus uitgespreek het. "O graf, waar is jou oorwinning? O dood, waar is jou angel? Maar dank sy God, Wie ons die oorwinning gee deur daardie magtige Oorwinnaar, Jesus Christus." O!

Voor Hom val Eng'le neer;
Bring uit die koninklike kroon,
En bekroon Hom almal se Heer.

80 Vanaand, na twee duisend jaar, staan ons om Hom te sien, steeds, die magtige Oorwinnaar Wie die sluier geskeur het wat ons van enige belofte van God geskei het, en ons is meer as oorwinnaars in Hom. Laat ons bid.

81 Hemelse Vader, soos ons hier staan, vanaand, in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, daardie groot Persoon van Jesus Christus in Gees—vorm, Wie beloof is sou kom op die Saad van Abraham, die koninklike Saad. Ons bid, O God, as daar 'n man of vrou, seun of dogter, hierbinne is, wat U nie ken nie; hulle twyfel en verwarring het in hul gemoed, oor die Woord van God, of Dit die Waarheid is of nie. O Grote God, Wie die belofte gemaak het, kom vanaand! Daar is een groot belofte wat U gemaak het, Here; U kan daardie belofte hou, U het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook; groter as dit sal hy doen, want Ek gaan na die Vader." Vader, God, ons bid dat U U Woord sal bevestig.

82 Daar is baie van die kinders van Abraham vanaand hier wat siek is. O, die duiwel het hulle omsluit; hulle het hulle aan die binnekant gesit, en hulle het die sleutels gedraai, en het gesê: "Jy moet nou sterf; jy het hartprobleme. Jy het *dit, dat*, of die *ander*, en jy moet sterf."

83 O God, mag die jubelbasuin weerklink, vanaand, van die Evangelie, dat elke slaaf kan vrygaan! Jesus Christus het daardie poorte oorwin. Ons hou die sleutels in ons hande. O! "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf. As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook. Die Woord van God is skerper en kragtiger as 'n tweesnydende swaard, wat sny tot die skeiding en die murg, en selfs 'n onderskeier van die gedagtes wat in die hart is."

84 "En soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, want hulle het geëet, gedrink, getrou, is in die huwelik uitgegee; groot bouprogramme." En ons hou die wêreld dop: "Daar sal tekens wees, vreeslike gesigte in die hemel daarbo (dit is vlieënde pierings), aardbewings op verskeie plekke, die see wat dreun (getygolwe), die mens se hart wat ineenkrimp (vrees), onmin tussen nasie, verwarring van tyd."

85 "En soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." O God, kom vanaand en voer U Woord uit, kom vanaand en eer die geloof van die kinders van Abraham. Deur Jesus Christus se Naam vra ons dit. Amen.

86 Die Here seën julle, ryklik. Ek gaan nie op hierdie tydstip die altaar oproep maak nie. Ek gaan dit aan julle oorlaat. Ek dink dat, baiekeer, altaar oproepe...Ek glo saam met hulle. "Maar soveel as wat ontvang het, is gedoop." Dit is dit. "Soveel as wat Hom ontvang het." Ons gaan vir die siekes bid.

87 Ek sou die hele nag hier kon praat. Julle is 'n lieflike gehoor. Maar wat ek sê is net 'n mens; maar as ek Sy Woorde sê, dan is dit nie my woorde nie, dis Sy Woorde. As ek iets sê, en God onderskraag dit nie, dan was dit my woord. As ek Sy Woord spreek, en Hy onderskraag Dit, wie is daardie sondige man of vrou, seun of dogter, wat sal wegstap en sê Dit is nie so nie?

88 Jesus, het gesê toe Hy hierdie dinge gedoen het, het hulle gesê: "Hierdie man is 'n fortuinverteller. Hy's 'n duiwel!" 'n Fortuinverteller, enigeen weet dat fortuinvertellery van de duiwel is. Hy het gesê: "Hy's 'n fortuinverteller." Maar het julle ooit 'n fortuinverteller die Evangelie sien verkondig? Het julle ooit die fortuinverteller duiwels sien uitdryf? Nee, inderdaad, hulle doen dit nie.

89 Hy het gesê: "Nou, Ek die Seun van die mens sal julle dit vergewe. Maar wanneer die Heilige Gees gekom het, om Daarteen te spreek sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld wat kom nie, want dis om die werk van God 'n onrein gees te noem."

90 God wees ons vanaand genadig, en ek bid dat God sal neerdaal en hierdie Woord voor julle bevestig.

91 Broer, suster, dit is my siel. Ek moet God ontmoet. Ek is verantwoordelik vir wat ek vir julle sê. God sal my daarvoor verantwoordelik hou. Dit is reg. Watter goed sal dit vir my doen om hier te staan en hierdie dinge te sê as ek geweet het ek veroordeel my siel na die hel?

92 "Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, maar die uiteinde daarvan is die weë van die dood." God het geen interpreteerder nodig nie. Soos ek gesê het, Hy interpreteer Sy Eie Woord.

93 "Die Saad van Abraham sal die poort van die vyand in besit neem." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

94 As ek julle kon genees, sou ek dit doen. Christus het julle alreeds genees. Enigste ding, jy het die sleutel in jou hand. Daardie sleutel is jou geloof, om 'n houvas daarop te kry. Sluit dit vanaand oop, sal jy nie? Terwyl Hy in ons midde kom, daardie Magtige Oorwinnaar wat elke kwaal oorwin het, en

hier kom en julle toon dat Hy dit gedoen het, want Hy is steeds die Woord. "En die Woord is 'n onderskeier van die gedagtes wat in die hart is."

95 Watter gebedskaart? B, een tot . . . Waar het ons begin, nou die aand? [Iemand sê: "Een."—Red.] Laat ons by vyftig begin. Wie het gebedskaart B, vyftig? Steek jou hand op. Gebedskaart B. Ons het nou die aand by een begin, nou gaan ons by vyftig begin, vanaand.

96 Wie het B, B, vyftig? Hou jou hand op. Gebedskaart B, vyftig. Bedoel jy dis nie hier nie? Het jy dit? Goed, B, vyftig. B, een-en-vyftig, wie het dit? B, een-en-vyftig, goed. B, twee-en-vyftig, wie het B, twee-en-vyftig? Goed, jy het dit. B, drie-en-vyftig, vier-en-vyftig, kom net hiernatoe. Vier-en-vyftig, vyf-en-vyftig.

97 My seun kom hierheen, reg voor ek inkom, en maak 'n klomp kaarte deurmekaar. En sien hoe is hulle, een *hier* en *daar*? Hulle weet nie. Jy kan in *hierdie* ry hier afkom en een kry, volgende een kry tien, 'n ander een kry vyf-en-twintig. Ons weet nie waar dit is nie, maar, waar hulle ook al is.

98 Nou hoeveel het ons geroep? Vyf, vier? B, vyftig. Was B, vyftig, was dit nie? [Iemand sê: "Ja."—Red.] B, vyftig tot vyf-en-vyftig. Ses-en-vyftig, sewe-en-vyftig, agt-en-vyftig, nege-en-vyftig, sestig. Nou laat ons sien, een, twee . . . Tel hulle, Billy en ons sal . . . Sestig, sewentig, laat hulle eers opstaan, as julle sal. B, vyftig tot sewentig, vyf-en-sewentig. Tel hulle, Broer Roy, as jy sal, terwyl ek met die gehoor praat.

99 Hoeveel nou daarbuite wat hiernatoe kyk, en jy het nie 'n gebedskaart nie?

100 Onthou, Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen." Is dit waar? [Gemeente: "Amen."—Red.] Dis waar. Glo julle dit? ["Amen."] Die Saad van Abraham het so gesê.

101 Die Bybel sê, dat: "Hy is die Hoëpriester." Hebreërs, die 4de hoofstuk: "Hy is die Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, hoe sal Hy dit doen?

102 Daar was 'n vroutjie, in die Bybel, as julle oplet wat ek sê. 'n Vroutjie, in die Bybel, miskien het sy nie 'n gebedskaart gehad nie; maar sy het in haar hart gesê: "As ek daardie Man kan aanraak, ek glo Hom." Sy het alles uitgegee wat sy gehad het, vir die dok- . . . by die dokters. Hulle kon haar nie help nie. Haar geval was te groot. Hulle kon haar nie help nie. Maar sy het geglo dat God haar sou help. En sy het Sy soom, van Sy kleed, aangeraak.

103 En Hy het gesê: "Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het." Is dit reg?

104 Glo julle Hy is vanaand dieselfde? [Gemeente: "Amen."—Red.] Glo julle Hy is hier? ["Amen."] Hoeveel glo Hy het uit die dood opgestaan? ["Amen."] Nou hoe kan jy bewys Hy het uit die dood opgestaan?

105 Nie lank gelede nie, het 'n beroemde Baptiste—man na my toe gekom, en hy het gesê: "Broer Branham, ek is verslaan—verslaan, een keer, deur 'n Mohammedaan wat dit gesê het. Hy het gesê: 'As Hy opgestaan het, Hy het belowe dat Hy dieselfde ding sou doen. Laat ons Hom dit sien doen.'" Sien, hulle glo dat Hy dit nie gedoen het nie.

106 Maar ons glo wel dat Hy dit doen. Ons glo dat Hy opgestaan het uit die dood. Daar is nie 'n ander godsdiens in die wêreld wat kan bewys dat hulle stigter lewend is nie, behalwe die Christendom. En die enigste wyse waarop God Dit kan bevestig, is deur die wat dit glo; want dis die enigste wyse waarop God Sy Woorde uitvoer, is hulle wat Daarin glo.

107 Nou terwyl hulle hierdie gebedsrytjie hier oplyn. Ek weet nie hoeveel ons sal kry nie. Ek wil hê elkeen van julle, hou jou posisie, hou jou sitplek, moenie rondbeweeg nie. Kyk hiernatoe en bid, sê: "Here Jesus, ek glo."

108 Onthou julle, Hy het vir my gesê: "As jy die mense kry om jou te glo; en wees dan opreg wanneer jy bid." Dit is dwarsoor die nasie gewees, heen—en—weer, vir vyftien jaar, nie een maal het dit gefaal nie. Dit kan nie faal nie.

109 God, een ding kan God nie doen nie, dis faal. Hy moet Sy Woord hou. Ek glo dit. Ek glo dit net so goed as wat ek... meer as wat ek glo ek staan hier, meer as wat ek glo ek is in hierdie gebou; dit sou 'n drogbeeld kon wees, dit sou 'n droom kon wees. In my siel, weet ek Jesus Christus die Seun van God lewe. En jy wat 'n Saad van Abraham is, jy wat in Christus dood is, jy's Abraham se Saad.

110 Nou hulle het 'n paar sakdoeke hier. Groot sukses is hiermee behaal, mense wat glo. Nou laat ons ons hoofde buig, terwyl hulle gereed maak, en hiervoor bid.

111 Hemelse Vader, ons word in die Bybel geleer, en daar is mense hier wat glo elke Woord wat U gesê het is die Waarheid. Here, soms steier hulle en steek na die sleutelgat, met die sleutel, mis dit, en skraap, maar hulle glo dis daar. Laat hulle maar net aanhou steek, hulle sal dit vind, want dis daar. En daardie sleutel is die regte sleutel: "As jy kan glo, is alle dinge moontlik." Soos die lied nou gesing, of gespeel word.

112 In die Bybel word gesê dat: "Paulus het van sy liggaam sakdoeke en voorskote geneem, en hulle na die siekes en die beproefdes gestuur, en onrein geeste het die mense verlaat, en hulle is genees."

113 Nou, Here, ons weet Paulus is by U. Maar dit was nie hy nie; dit was U, Here, Christus in hom. "Nie ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe," het hy gesê.

114 En nou vir hierdie geslag, U is steeds Christus, vandag, soos wat U gister was. En soos ek oor hierdie sakdoeke bid, hulle aanraak, bid ek dat U elke vyand sal verslaan. Gee hulle geloof, om hulle te laat weet die vyand is verslaan.

115 En een maal, het die Skelfsee, soos ons pas van gepraat het, Israel afgesny gehad van die belofte, en hulle was in die uitvoering van plig. En een skrywer het gesê, dat: "God het neergekyk met woedende oë, deur daardie Vuurkolom, en die see het bang geword en sy poorte oopgemaak, en hulle het oorgegaan."

116 Kyk neer, vanaand, deur die Bloed van Jesus Christus. En mag, wanneer hierdie sakdoeke op die siekes gelê word, mag die vyand ons geloof sien, vanaand, soos wat ons hierdie gebed van geloof bid, vir hulle. En mag elkeen verlos word, in Jesus Christus se Naam. Amen.

117 Nou ek wil julle onverdeelde aandag hê. Wie ook al by die mikrofoon hierbo is, jy kan dit opdraai. Want, as die Heilige Gees dit sou doen . . . Ek sê nie dat Hy sal nie.

118 Nou kom enigeen hier en sê vir julle dat hulle krag het om die siekes te genees, moet dit nie glo nie. Die krag is alles in Christus. Hy is die Oorwinnaar, nie ek en jy nie. Ons aanvaar net wat Hy gedoen het. Geen mens het krag om te red of te genees nie.

119 Elke mens in die wêreld, die prys is alreeds betaal. Die vereiste is betaal. Hoe is dit? "Vir ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Jou—jou genesing is klaar betaal. Jou redding is klaar betaal. Het jy die geloof om te kom, dit te aanvaar? Dis al. As jy Abraham se Saad is, het jy. God het dit belowe. Daar is iets in jou wat sê dis daar, en dit is.

120 Nou wat is 'n gawe? Is 'n gawe om uit te gaan en mense te genees? Nee. 'n Gawe is om jouself uit die pad uit te kry, sodat God jou kan gebruik.

121 Nou Hy het beloof dat, die laaste teken, volgens Jesus Christus: "Soos dit was in die dae van Sodom, net voor dit gebrand het." Nie voor ander dinge plaasgevind het nie, die Evangelie is verkondig deur Lot, ensovoorts; nie dit nie. Maar net voor dit verbrand is, het God neergedaal in die vorm van 'n mens, en gesit by die uitverkore Kerk, Abraham en sy groep, wat die belofte gehad het.

122 Nou onthou, net Abraham se Saad ontvang dit. "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," het Jesus gesê. "Julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, in julle, tot aan die einde van die wêreld."

123 Maar Hy het belowe, net voor Hy weer terugkeer: "Soos dit in Sodom was," kyk wat Sodom kry; kyk wat die uitverkore Kerk kry, het gesê: "so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." God gemanifesteer in 'n vorm van 'n mens, wat met Sy rug gekeer na die tent, gesê het wat Sara aan die binnekant van die tent gedoen het. Almal wat weet dis die Waarheid, steek julle hande op. Dis presies. Nou Hy het dit belowe. Ons is by die eindtyd. Nou onthou, dit was die laaste ding wat gebeur het; en die Heidense wêreld is uitgebrand, Sodom, en die beloofde seun het op die toneel verskyn. Ons soek na 'n beloofde Seun, die Seun van God.

124 Hier is ons. Mag God julle oë open. Ek weet van niks anders om te sê nie. Mag Hy julle oë oopmaak.

125 Nou Hemelse Vader, ek is so hulpeloos, ek is 'n stuk klei wat U saamgevorm het, en hier geplaas het. O God, mag ek, vanaand, u genade en Teenwoordigheid hê, dat dit U kan wees hierdie stukkies klei kan gebruik wat U hierbinne het. Dat hulle, Here, wat U tot die Ewige Lewe geroep het, en miskien Dit nog nie aanvaar het nie, mag hulle hierdie beloftes sien. Hulle is dalk geleer dit was vir 'n ander dag, maar hier is dit in die Bybel. Bevestig Dit, Here. Dis U Eie interpretasie. Dit het nie meer as dit nodig nie. As U dit net so sal maak, dan sal hulle sien dat die Woord waar is. Skenk dit, Vader. Ons vertrou onsself toe aan U.

126 Laat elke persoon hierbinne, Here, hulle geloof vanaand gebruik. Mag elke lid van die Stam van Abraham, deur Jesus Christus, geloof hê, vanaand, en U Teenwoordigheid aanvaar. En ons sal U die lof gee. Amen.

127 Nou, is dit die la-. . . Nou dis is 'n vreemde. Ek wil hê julle moet my nou help, bid vir my. Sit werklik stil, moenie rondbeweeg nie. Sit stil, bid.

128 Nou, sien, dit verander van evangelisme, oor na ontspan jouself op so 'n wyse dat die Gees van God jou volkome na 'n ander dimensie kan neem.

129 Nou hier staan hierdie jong. . . Kom 'n bietjie hiernatoe, dame. En net. . . Dis in orde, sodat ek nie van hierdie mikrofoon padgee nie. Sien, ek weet nie wat gebeur nie, sien julle, en dan soms, weet julle. . . Nou, al hoe ek dit ken, dis—dis op die mikrofoon, sien julle, en hulle probeer dit daar opvang, en ek weet net nie wat nie.

130 Nou ons is vreemdelinge, vir mekaar. Ek ken jou nie, het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Maar jy's baie jonger as ek. En ons is waarskynlik myle uitmekaar gebore, en jare uitmekaar. Dit is ons eerste ontmoeting. Is dit reg? As dit is, steek jou hand op sodat die gehoor kan sien. Nou, sy is net 'n vrou wat hier staan.

131 Kyk, neem dit terug na die Skrif. Laat ons Johannes 4 neem. Lees dit elkeen van julle wanneer julle huis toe gaan. Nie—nie dat hierdie vrou daardie soort vrou is nie; ek weet nie. En julle weet dat ek nie Jesus Christus is nie. Maar Hy is hier. Dis Hy. Nou Sy Gees wat ons salf, kan haar probleem openbaar, soos Hy vir die vrou by die put gedoen het. Dieselfde ding.

132 En, daardeur, waar die priesters en die leiers van daardie dag gesê het: "Hierdie Man is 'n fortuinverteller, of 'n duiwel, Beëlsebub."

133 Hierdie vrou het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n profeet is. Ons weet dat die Messias kom, en dit sal Sy teken wees."

134 Nou, hoeveel weet dis waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, sal dit nie vanaand Sy teken wees nie? ["Amen."] Het Hy belowe dit sal wees, net voor die einde van tyd? ["Amen"] Nou kyk of Hy Sy belofte aan Abraham se Saad hou.

135 Nou as enigeen hierbinne dink dis verkeerd, kom jy hiernatoe en doen dieselfde ding. As dit nie is nie, moet dan niks daaroor sê nie. Jy het die voorreg.

136 Nou, in Christus se Naam, neem ek elke gees onder my beheer, tot die glorie en eer van God.

137 Ek sal net met jou moet praat, vir 'n oomblik, jong dame. Weet jy, ons Here het met daardie vrou by die put gepraat. Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink." Wat het Hy gedoen?

138 Nou kyk, Hy het gesê, in Johannes 5: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun," dit was Hy, liggaam: "kan niks uit Myself doen nie," net soos Hy die Vader dit sien doen nie. "Wat die Vader doen, wys Hy vir die Seun. Sien, Ek kan niks uit Myself doen nie, behalwe wat Ek die Vader dit sien doen nie." Dan, Jesus het nooit een wonderwerk verrig voordat God Hom eers deur 'n visioen gewys het nie; nie vir Hom in Sy oor gesê het nie, maar vir Hom gewys het. "Wat Ek sien," nie hoor nie: "die Vader sien doen." Dis wat Hom 'n Profeet gemaak het soos Moses, soos Moses gesê. Nou toe Hy—Hy die Vader geken het . . . Hy was op . . .

139 Hy was oppad na Jerigo, maar Hy het behoefte gehad om by Samaria langs te gaan, en Hy het by 'n stad Sigar aangekom. En nou sien, die Samaritane het na 'n Messias gesoek.

140 Die Jode het daarna gesoek, en Hy het hulle Sy teken gewys. Filippus, Natánael, Petrus, sodra daardie teken gedoen is, het hulle gesê: "U is die Seun van God."

Die rabbi het gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub."

141 Maar onthou nou, die Heidene, ons, ons was die Anglo—Saksers, ons—ons het geen Messias verwag nie. Ons was heidene, Romeine, ensovoorts. Ons het na geen Messias gesoek nie. Hy kom net na hulle wat na Hom soek.

142 Maar die Samaritane het na Hom gesoek, so Hy moes by hulle langs gaan, daar by Samaria. Hy gaan sit by die put. 'n Jong dame, waarskynlik omtrent jou ouderdom, kom uit. Sy was 'n vrou met 'n slegte reputasie. Jy het die storie gelees, skat ek. En Hy het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

143 Sy het gesê: "O, dis nie gebruiklik vir U, 'n Jood, om 'n Samaritaan so—iets te vra nie."

144 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy My water gevra het om te drink."

145 Die gesprek het voortgegaan. Eindelik het Hy gevind waar haar probleem was. Onthou jy wat dit was? Sy het te veel mans gehad. En het gesê: "Gaan haal jou man, kom hierheen."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

146 Het gesê: "Jy het goed geantwoord," het gesê: "want jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef is nie joune nie."

147 Sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n profeet is. Ons weet die Messias kom, Hy sal vir ons hierdie dinge sê."

En Hy het gesê: "Ek is Hy."

148 Sy het haar waterkruik laat lê, in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wie my gesê het wat ek gedoen het. Is dit nie die Messias nie?" Hulle het vir honderde jare nie 'n profeet gehad nie. En hier was 'n Man wat daarop aanspraak gemaak het om die Messias te wees, en bewys het om 'n—'n profeet te wees, en die teken van die Messias gewys het.

149 Sal dit jou dieselfde ding laat glo, as Hy dieselfde ding doen, syne dat Hy dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd, en beloof het deur hierdie Skrifte dat Hy dit sal doen?

Sal dit die gehoor laat glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

150 Jy lei aan 'n nierprobleem. As dit reg is, steek jou hand op.

151 Waarom kry ek dit altyd in my gesig? Iemand sê: "Hy het dit geraai." Ek het dit nooit geraai nie.

152 Hier, sy is 'n goeie vrou. Glo jy my? Nou jy weet ek het dit nooit geraai nie. Laat ek nog iets sê. Jou man is by jou. Hy ly ook. Is dit nie? 'n Ruggraattoestand. Dis reg. Is dit nie? Jy het 'n klein seuntjie by jou. Hy ly ook. Jy wil hê daar moet vir hom gebid word. Hy het iets verkeerd met sy oë. Dis reg. Jy het 'n klein dogtertjie by jou, sy het nierprobleme, soos jy. Is dit reg? Nou julle kan almal gesond wees, as jy sal glo. Glo jy dit? God seën jou. Gaan op jou weg en wees gesond.

153 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Wat is dit? Wat probeer Hy doen? Aan julle, Saad van Abraham, toon Hy julle dat Hy nie dood is nie. Ek kan nie hierdie dinge doen nie. Hy's nie dood nie. Maar Hy is lewend, toon julle dat julle 'n reg het om die poorte van jul vyand in besit te neem. Dit behoort dit af te handel.

154 Hierdie dame, kom hierlangs, net 'n oomblik. Ons is omtrent, om—en—by dieselfde ouderdom, veronderstel ek. Maar ons is—ons is vreemdelinge vir mekaar, sover ek weet. Ek ken jou nie, en ons is vreemdelinge. Ek weet niks van jou af nie. As dit reg is, steek jou hand op, sien. [Die suster sê: "Dis reg."—Red.] Party van hulle het jou net 'n gebedskaart gegee, en hier is jy. Goed. Nou as die Here Jesus . . .

155 As ek, miskien, sê ek het probeer om Broer Oral Roberts se plek in te neem, of sommige van daardie groot manne van die geloof, sou ek sê: "Dame, wat is verkeerd met jou?"

156 Jy sou sê: "Wel, het het *so-en-so*." Nou, hy kan dalk nie reg wees nie. Sien? Ek weet nie. Sien? Maar, hy, jy kan hom dalk sê wat verkeerd is.

157 Hy sou die hande op jou lê, sê: "God het my gestuur om—om vir die siekes te bid. Glo jy dit?" "Ja." "Glorie aan God! Gaan, glo dit."

158 Dis in orde. Dis in orde. God het dit belowe. Maar, sien julle, ons lewe 'n bietjie verder in die—die dag in as dit. Jesus het belowe: "Soos dit in die dae van Sodom was. Die werke wat Ek doen sal julle ook."

159 Nou as God my kan sê wat jy was, weet jy of dit waar is of nie. Hy kan jou sê wat jy sal wees. En as dit waar is, sal hierdie ook waar wees. As Hy vir jou sê, wat ook al, ek weet nie; maar as Hy my sal vertel wat jou probleem is.

160 Sal julle dit ook glo, gehoor? [Gemeente: "Amen."]

161 Ek behoort regtig op te hou. Daardie een keer, daardie persoon wat 'n rukkie gelede hier was, dit behoort dit te bevestig. Jesus het dit een keer gedoen. Hy het dit nooit nog 'n keer gedoen nie. Almal in Sigar het dit geglo, het die vrou se getuienis geglo, toe sy gekom het, hulle vertel het, en sy was 'n vrou met 'n slegte reputasie. 'n Christen het pas die platvorm verlaat, voor julle almal! Amen. Maar siende dat dit later is as wat ons dink, mag die Here voortgaan om Homself te bewys, die groot, magtige Oorwinnaar, dat die Saad van Abraham . . . Maar soos Abraham, Hy het dit vir Abraham gedoen, een keer; dit toe vernietig, en dit weer gedoen. Abraham het voortgegaan om God te glo.

162 Jy's nie hier vir jouself nie. Jy's hier vir iemand anders, en dis 'n vrou. Dis jou suster. [Suster sê: "O Here!"—Red.] En die dame is omskadu deur die dood. ["Goeiste!"] En sy ly aan

'n—'n suikersiekte. ["O!"] En sy is nie van hier nie. ["Nee."] Sy is van 'n...Sy is van Louisiana, 'n moerasagtige wêreld. ["O, o, o!"] Dit...En hier is nog iets, dat die gehoor dit kan weet. Jy het 'n dogter wat regtig siek is, wat beplan om hierdie byeenkoms by te woon, en sy het epilepsie. [O, o, o!"] Dis waar. Dit is waar. Is dit nie? [O!"] Glo jy nou? ["Ja. Amen."] As jy Abraham se Saad is, aanvaar dit en stap uit, ["My Here! My Here!"] en word genees in die Naam van Jesus Christus.

163 Glo julle? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Onthou, dis Sy belofte. Hy het gesê Hy sou dit doen. Hy hou Sy belofte.

164 Aangename kennis. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie. Maar God ken jou. Glo jy dat as God vir my jou probleem kan openbaar, dan weet jy dit moet van een of ander geestelike krag kom. [Die suster sê: "Reg."—Red.] Nou, daar is net twee dinge waarvandaan dit kan kom, wat jy jou sou kon voorstel. Wanneer dit gedoen word, is dit bo verklaring, want dis 'n fenomeen. En, ook, dis 'n paradoks; iets, wel, dis onredelik, maar tog waar. Dit sou 'n paradoks wees. En nou weet jy dit, of dit waar is of nie, jy sal weet of Hy jou die waarheid vertel het.

165 Nou, onthou, ek ken jou nie. Dit moet Iemand buiten ek wees. As jy maak soos die Fariseërs, en gesê het: "O, dis 'n bose gees," dan het jy daardie beloning. As jy glo dis Christus, het jy Sy beloning. Die rede dat jy dit kan glo, is omdat Hy dit vir hierdie dag belowe het, en dit was nie van daardie tyd tot hierdie nie. Dit maak dit die eindtyd.

166 Daar is iemand wat aanhou voor jou verskyn, die hele tyd. Dis 'n man, gryskop. Dis jou man. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Sit net daar. Hy probeer sy genesing aanvaar, word oorskadu deur 'n kanker, gewasagtig, kanker. Jy het nierprobleme, blaasprobleme. ["Ja."] Julle is Mnr. en Mev. Little. ["Ons is."] Is dit reg? ["Ja."] Glo met jou hele hart, en word genees.

167 "jy sê dit, hulle naam?" Wel, sekerlik. Het Jesus nie vir Petrus gesê: "Jou naam is Simon, die seun van Jona," nie?

168 Hier is 'n man. Ons is vreemdelinge vir mekaar, meneer. Ek ken jou nie. Maar jy's 'n man, soos—soos die Petrus wat na die Here Jesus gekom het, kom ons bymekaar. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy wat ek jou gesê het is die waarheid? [Die broer sê: "Ja, meneer. Ek glo, meneer."—Red.] As jy dit kan glo! ["Ja, meneer."] Ek, as daar enigiets is wat ek vir jou kon doen, sou ek dit doen, maar daar is niks wat ek kan doen nie. Hy het dit alreeds gedoen; dis net iets om jou te kry om dit te glo. En, sien, dit sou nie ek wees nie. As dit ek was, sou ek—sou ek alles vir jou doen wat ek kon. Maar Hy het my 'n gawe gegee, en ek ontspan myself net voor Hom, en Hy doen die praatwerk. ["Dis reg. Ja, meneer."] Glo jy dit? ["Ja."]

169 Glo julle dit, gehoor? [Gemeente: "Amen."]

170 Ek wou 'n man gevind het. Jy het verskeie dinge verkeerd met jou. Maar een van die dinge is, jy het 'n groeisel op jou regteroog. Dis jou grootste probleem. Hier is nog iets, 'n vrou bly hier verskyn. Dis jou vrou. Glo jy God kan vir my sê wat hier met jou vrou verkeerd is? Haar probleem is in haar mond. Dis haar tande. Dis reg. Glo jy dat dieselfde Jesus, Wie geweet het wie Simon Petrus was, vir my kan sê wie jy is? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Sal dit jou grootliks laat glo? ["Ja, meneer."] Sou dit? ["Ja."] Oscar Barnes. ["Dis reg."] Is dit reg? Gaan op jou pad huis toe, wees genees.

171 [Leë kol op band—Red.]. . . vreemdeling vir jou. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Glo jy dat Hy in staat is om my te sê wat jou probleem is? Sal jy dit met jou hele hart glo? Jou probleem is by jou keel rond, en hier in jou bors. Dis 'n—dis 'n beenverval. Jy kry bulte, soos, en knoppe binne die beenstruktuur. Dis reg. Jy is nie hiervandaan nie. Jy's in 'n—'n stad wat lemoenboorde daaromheen het. Dis geleë in die vallei, met 'n panorama van berge daaragter. Daar is 'n hotel genaamd Antlers. Dis San Bernardino. Dis waar jy vandaan kom. Gaan terug, Jesus Christus maak jou gesond, as jy dit sal glo.

172 Daar is net een ding wat kanker kan genees, dis God. Glo jy Hy sal jou genees? [Die broer sê: "Ek doen dit verseker."—Red.] Glo dit! Gaan, en mag die Here God jou heeltemal gesond maak.

173 Die rede waarom jy uitson-. . . buitengewoon senuweeagtig is, werklik ontsteld. Deur hierdie senuweeagtigheid het jou maag in 'n toestand geraak. Jy kan nie jou kos verteer nie; bring dit in jou mond op. Dis 'n suur in jou hele mond. Laat in die namiddag word jy werklik moeg en alles. Jy het 'n peptiese seer in jou maag. Glo jy dat dit Jesus Christus is wat jou dit kan sê? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Gaan eet dan jou aandete. Glo met jou hele hart, Jesus Christus maak jou gesond.

174 Aangename kennis? Daar is baie dinge verkeerd. Maar een van die dinge waarvoor jy bang is, jy gaan kreupel word deur 'n artritis. Maar glo jy dat God jou sal genees, jou daarvan gesond sal maak? [Die suster sê: "Ja."—Red.]

175 Here Jesus, ek bid dat U dit aan my suster sal skenk. Gee haar haar sig. Neem die dame se probleem van haar af weg, en maak die artritis gesond, in Jesus se Naam. Amen.

176 Gaan nou, glo. Hy sal dit doen, en dit sal in die haak wees. Moenie twyfel nie, hou net aan loop, en glo met jou hele hart.

177 Hartprobleme is 'n vreeslike ding, maar Christus genees die hart. Glo jy dit? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Gaan, glo dit, en dit sal alles gedoen word. Dis verby.

178 Glo jy jy gaan kreupel word? Nee, ek dink ook nie so nie. My gedagte, artritis; daardie skadu daar, o, dis kanker. [Die suster sê: "O, o!"—Red.] Glo jy Hy sal dit genees? ["Ja, ek glo."] Gaan, glo dit. Hy sal jou gesond maak.

179 Dit pla jou, 'n hele rukkie al, blokkasie in die hart. Maar glo jy dit gaan verby wees, vanaand? Gaan, glo dit, Jesus Christus maak jou gesond.

180 'n Bietjie probleme gewees, van vroue—probleme, vir 'n lang tyd. En dan, jy is, jy kry swaar om op te staan in die oggend. Jy's styf, in jou ledemate. Jy kan skaars loop, tot daar in die dag, na 'n tyd. Dis artritis. Gaan, moenie twyfel nie, jy sal dit nie meer hê nie. Glo dit net, met jou hele hart.

181 Jy het verskeie dinge, komplikasies. Maar die een ding wat jou so erg pla, jy dink ook aan artritis, wat dit is, wat jou kreupel laat word. Glo jy dat Hy jou sal laat loop en gesond wees? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] Gaan, glo dit met jou hele hart, Jesus Christus sal jou gesond maak.

182 Senuwee—hart, en artritis, maar glo jy dat God jou gesond sal maak? Jy glo? Gaan, en mag die Here Jesus jou gesond maak.

183 Daardie maag het jou sekerlik 'n klomp probleme gegee in die laaste paar jaar, het dit nie? Dit sal nie meer nie. Gaan, glo dit. God seën jou.

184 Jy kan ook, jou maag is genees. Gaan, glo met jou hele hart. Moenie twyfel nie.

185 Kry swaar om asem te haal, daardie ou asma trek jou regtig af. Dan nie? Glo jy dit gaan nou verby wees? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Goed, gaan glo dit. Amen.

186 Halleluja! Glo julle met julle hele hart? [Gemeente juig—Red.]

187 Net 'n oomblik. Sien julle nie daardie Lig daar nie? 'n Klein kleurling dametjie wat na my kyk, wat net hieronder sit, sy het 'n gewas in haar linkersy. Sy het nierprobleme, komplikasies. Jy het meer geloof gehad. Jy hoef nie hierheen te kom nie. Dis verby. Glo dit net. Amen. Hê geloof in God.

Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

188 Glo jy, suster, jy sal oor daardie ruggraatprobleem kom, wat daar sit? Glo jy dat Hy jou gesond sal maak? Reg. Moet net nie daaraan twyfel nie, en jy kan dit hê as jy dit net sal glo.

189 Die man wat hier sit wat na my kyk, ly aan 'n prostaatprobleem, staan in die nag op en dinge. Glo jy, meneer? Dit sal dan verby wees, as jy dit glo.

190 Hier sit 'n kleurling man wat hier sit, na my kyk. Hy ly aan epilepsie. Hy soek ook die doop van die Heilige Gees. Staan op op jou voete, meneer, aanvaar jou genesing. Mag God jou die doop van die Heilige Gees gee. Amen.

191 Wat reg oorkant jou sit, daar sit 'n kind daar, wat ook epilepsie het, soort van flou—word toevalle, sit daar, daar aan die oorkant. Glo julle dat God die kind daar gesond sal maak? Glo julle met julle hele hart? Dan sal God die kind genees.

192 Glo julle, elkeen van julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is—is Hy nie, is Hy nie waarlik Abraham se Koninklike Saad nie? ["Amen."] Is Hy nie die magtige Oorwinnaar nie? ["Amen."] Het Hy belowe dat julle die poorte van die vyand in besit kan neem? ["Amen."]

193 Hoeveel van julle is gebind, voel die druk van die vyand? Steek julle hande op, dat julle die druk van die vyand voel. En julle is Abraham se Saad, steek julle hande *so* op. Sê: "Broer Branham, ek word gepla deur senuweeagtigheid." O, daar is omtrent tagtig persent van julle daarmee. Sê, ek . . . Dis nou net so dig, die hele skare word net soos 'n yslike groot melkerige, dit maak my byna blind, daar waar julle is.

194 Sien julle nie, dat hier twintig of dertig, miskien, gevalle, of meer, net hier op hierdie platvorm en daar in daardie gehoor, dat God nie faal nie? Dis Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Waarom dan nie, elke Saad van Abraham, waarom neem jy nie nou die sleutel nie? Die groot Oorwinnaar, wat dit vir jou oorwin het, is hier. Hy het bewys om hier te wees. Glo julle Hom? ["Amen."]

195 Neem dan jou sleutel van geloof, reik na bo met jou hande, en sê: "Jesus Christus, ek glo vir my genesing, sommer nou." Staan op op jou voete. Steek jou hande op, ontsluit nou jou geloof. "Ek glo, Here Jesus. Ek glo sommer nou."

196 Nou lê julle hande daar op mekaar. Plaas julle hande oor na mekaar toe, nog 'n Saad van Abraham. Nou bid jy vir daardie persoon. Lê julle hande op hulle. Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

197 Satan, jy het die stryd verloor. In die Naam van Jesus Christus, kom hier uit, en laat hierdie mense gaan, tot die glorie van God.

Die Patriarg Abraham AFR64-0207
(The Patriarch Abraham)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Vrydagaand, 7 Februarie, 1964, by die Kern County Fairgrounds in Bakersfield, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org